## ONTLEDING

Gedig bestaan uit tersines (driereëlige strofes)

Hulle – executives in r.3 – Uitsteltegniek. (leser wonder wie hulle is)

Yl spreek van die waarnemer se minagting. Suggereer dat hulle effentjies is, miskien nie werd om die posisie te beklee waarin hulle is nie.

Kinders wat figuurlik in skaduwee leef – geen lig vir hulle. Hulle omstandighede is somber en ongunstig.

Executives slaan geen ag op hulle nie (gly verby)

Vaandel – banier of vlag met slagspreuk op. (betogers) Ironie – bedelaars se vaandels dra nie slagspreuke nie, maar versoeke na kos en klere r.6

Vaartuig – vervoermiddel wat op water beweeg. – Suggereer die gladheid van die rit en die feit dat Mercedese vinnig ry.

Geklink – vasgemaak<br>
Omhul – toegedraai / bedek

Die rykdom kom teen 'n koste. Die wat daarvoor betaal is die laagbesoldigde werkers, die randfigure van die samelewing wat niks meer as ''n goedkoop "slawemaal" kan bekostig nie, maar deur wie se arbeid ander se rykdom moontlik word.

### Mercedesrit in die aand

Sit hulle met monde moeg gesluit<br>
yl langs sy enkel weerkaatsing in die ruit<br>
die executives van die stad wat huis toe gaan

Skaduweekinders gly verby<br>
stukkende bedelvaandels wapper wanhopig<br>
in die swartpad op soek na kos en kleed

Die vaartuig blink in ster geklink<br>
sagte leer omhul die stuurman aan die wiel<br>
betaal uit opbrengs van die slawemaal

Yl langs sy enkel weerkaatsing in die ruit<br>
sit hulle met monde moeg gesluit<br>
die executives van die stad wat huis toe gaan

~ Willem Krog ~

Titel verwys na die rit van uitvoerende amptenare wat na werk in hul Mercedese huis toe ry.

Interteks met Elizabeth Eybers se *Busrit in die aand*.

Suggestie van stuursheid en ongenaakbaarheid

Enkel – executives ry alleen in luukse motors in teenstelling tot werkersklas wat saambondel in taxi's, busse en treine.

Stadstoneel – nie spesifieke stad nie, enige stad waar die soort omstandighede heers.

Wapper wanhopig – Vaandels word nie hoopvol omhoog gehou nie.<br>
Wapper – Die wind waai<br>
Swartpad – Dis donker / nag en die mense is dakloos.

Ster – kenteken van Mercedes<br>
Blink & sagte leer – luuksheid – weelde en welvaart.<br>
Stuurman – die "executives"

Herhaal strofe 1, maar begin met tweede reël.<br>
Die herhaling van "yl" en die posisies as eerste woord in die reël en strofe beklemtoon die spreker-waarnemer se finale mening oor die "executives" – Hulle gebrek aan meegevoel vir die minderes in die samelewing maak hulle "yl" - min werd.

Tema: Die gedig beskryf 'n stadtoneel, spesifiek die "executives" wat in die weelde van hul duur motors oppad huis toe na 'n werksdag is sonder om ag te slaan op bedelaars langs die straat of hul behoeftes te erken.